# ALGEMENE WENKE OOR X-STRAALONDERSOEKE

C. J. B. MULLER, M.B., CH.B., D.M.R.

*Cape Town*

Die meeste pasiënte het geen benul van wat hulle moet doen of verwag wanneer hulle vir 'n X-straalondersoek verwys word nie. Hier volg kortliks my persoonlike opinie omtrent die inligting:

*Kleding*. Warm katoen of wol onderklere, sonder knope, word verkies. 'n Kamerjas en pantoffels kom ook handig in.

*Barium-kliesma*. In gevalle van hardlywigheid word cascara twee aande voor die ondersoek aanbeveel. Die aand voor die ondersoek moet die pasiënt 'n deeglike uitspoeling kry, asook 'n tweede uitspoeling 'n uur voor die ondersoek. Hiervoor word gewone saline gebruik; eers 3 pinte wat dan uitgelaat word en dan een of twee maal herhaal word totdat die ontlasting geen faeces meer bevat nie. Die ondersoek duur omstreeks 'n uur. In geval van ouerige persone is dit altyd raadsaam om 'n ekstra stel onderklere saam te bring.

*Barium-maal*. Vanaf die vorige aand moet die pasiënt mondeliks niks neem nie. 'n Slukderm-, maag- en duodenum-ondersoek duur gewoonlik 'n uur. Indien die hele spysverteringskanaal ondersoek word, strek dit tot 24 uur.

*Appendiks-maal*. Die barium word die vorige aand gedrink en die appendiks wys die volgende oggend. Indien die appendiks nie met barium gevul is nie, word plate weer die middag geneem en moontlik die volgende oggend herhaal. Hierdie ondersoek kan dus 3 dae duur. Nog 'n plaat word 72 uur nadat die appendiks gevul het, geneem om vas te stel of daar stasis is.

*Swangerskap*. Dit is onwenslik om die fetus aan enige bestraling bloot te stel en tensy daar 'n dringende nediese rede is, behoort geen buikondersoek ooit gedoen te word nie.

*Galblaas-ondersoek*. 'n Volledige, vetterige middagmaal moet die dag voor die ondersoek geëet word sodat die galblaas goed kan krimp. 'n Ligte, vetvrye, aandete word dan genuttig en omtrent 9 nm. moet die kleurstof pille een na die ander met water geneem word. Hierna moet niks per mond geneem word totdat die ondersoek die volgende oggend gedoen is nie. Hierdie eerste deel duur omstreeks 1 uur waarna die pasiënt dan 'n vetterige maal moet nuttig; 2 tot 3 uur later word nog 'n plaat geneem. Die hele proses duur omtrent 5 uur. Vir die binneaarse biligrafin ondersoek is die voorbereiding dieselfde maar die pasiënt neem geen pille nie.

*Binneaarse Piëlogram*. Kasterolie of cascara word die vorige dag geneem. Geen vloeistof mag 15 uur lank vóór die ondersoek geneem word nie. Ook hier word 'n uitspoeling 1 uur voor die ondersoek aanbeveel, indien die pasiënt hardlywig is. Die ondersoek self duur omtrent 1-2 uur.

*Salpingogram*. Die ondersoek word gewoonlik 1 week ná die maandstonde gedoen. Die voorbereiding is dieselfde soos vir 'n buikondersoek. Dit duur omtrent 'n uur.

*Bronchogram*. Waar bronchiectase vermoed word, moet posturale dreinering vir 24 uur voor die bestelling baie deeglik toegepas word. 'n Toets vir allergie teenoor cocaine moet ook vooraf gedoen word. Toediening van 'n kalmeermiddel een uur voor die ondersoek is wenslik. Die ondersoek self duur 1½ uur.

*Akute Buikondersoek*. Hier word staande, liggende en laterale opnames geneem. Die duurte van die ondersoek is 'n halfuur. Daar is geen voorbereiding vir skedel, werwelkolom, gewrigte, bekken, borskas, hart of longe vereis nie, en dit duur ½-1 uur.

*Kinders*. 'n Kalmeermiddel soos Seconal, chloral hydrate ens., 'n uur voor 'n ondersoek help baie.

*Miëlogram, encephalogram* en *ventriculogram-ondersoeke* word verkieslik in 'n hospitaal se X-straal-afdeling gedoen en duur ongeveer 1-2 uur.

*Koste van ondersoek*. Die meeste pasiënte sal verkies om 'n idee van die koste van ondersoeke te hê alvorens hulle verwys word. Hier volg kortliks die gewone vasgestelde fooie in die stede van Suid-Afrika waar die ondersoek deur 'n radioloog gedoen word:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Gewrigte | 3 | 3 | 0 |
| Werwelkolom (1 deel) | 5 | 5 | 0 |
| Hele ruggraat | 12 | 12 | 0 |
| Longe | 4 | 4 | 0 |
| Hart | 5 | 5 | 0 |
| Galblaas | 6 | 6 | 0 |
| Barium-maal (maag en duodenum), binneaarse biligrafin, galblaas, binneaarse piëlogram, barium-kliesma, salpingogram, bronchogram | 8 | 8 | 0 |
| Volledige Barium-maal | 12 | 12 | 0 |

Waar die ondersoek besonder moeilik is en lank duur, kan die fooie met een-derde vermeerder word.

Uitslae is gewoonlik 24 uur nadat die ondersoek voltooi is beskikbaar.

In gevalle waar die pasiënt van ver kom en daar twyfel bestaan of die pasiënt aan galblaas of maag-patologie ly, kan 'n cholecystogram en barium-maal op dieselfde dag gedoen word mits die pasiënt die kleurstofpille die vorige aand geneem het.

*Verwysing van pasiënte na opleidingshospitale vir X-straalondersoeke*. Dit is 'n voorwaarde dat X-straalondersoeke nie uitgevoer mag word tensy die pasiënt die gewone privaat-fooie nie kan bekostig nie en deur die Buite-Pasiënte-afdeling se medici verwys is nie. Onder spesiale omstandighede mag privaat-pasiënte gedoen word.

*Die gevaar van oortollige bestraling as gevolg van X-straalonder-*

*soeke*. Dit word al hoe meer beklemtoon dat die X-straaleenheid 'n gevaarlike bron van bestraling is. Die klein draagbare eenheid is 'n nuttige en veilige apparaat waar die gebruik daarvan beperk word tot gewrigte- en borskas-ondersoeke. Wanneer dit vir deurligting gebruik word deur iemand wat nie vir radiologiese werk opgelei is nie, kan dit gevaarlik wees omdat dit op 'n 18 duim buis-pasiënt-afstand 'n dosis van 10r per minuut kan lewer en 'n paar minute deurligting kan dan oortollige bestraling veroorsaak.

Algemene diagnostiese ondersoeke skep geen gevaar vir die pasiënt nie, maar by alle persone onder 40 jaar is dit wenslik om die geslagsorgane sover moontlik te beskerm, aangesien oortollige bestraling daarop moontlik genetiese gevolge mag hê. Dit is veral van belang by babas en klein kinders. Die X-straalondersoek van enige deel van die liggaam lewer 'n sekere dosis bestraling op die geslagsorgane deur spatting van die strale. Die persoon wat die ondersoek doen is ook aan die strale blootgestel.